



LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

LAERSKOOL WARMBAD

INSTRUKSIES: Skryf jou **naam** en **van** op elke antwoordblad en jou **nommer**

1. Voltooi al die vrae.
2. Lees die vrae behoorlik deur voordat jy dit antwoord.
3. Jy kry 5 minute om die vraestel deur te lees. Moenie gedurende hierdie tyd skryf nie.
4. Antwoorde moet op die antwoordblad geskryf word.
5. Skryf duidelik en netjies. Nommers moet dieselfde wees as op die vraestel.
6. Trek 'n lyn **na elke vraag**.
7. Spelling tel!
8. Jy moet al die vrae antwoord! Moet asseblief **nie** op die vraestel skryf nie!

SUMMATIEWE ASSESSERING

LEERAREA:	AFRIKAANS
GRAAD:	7 (Mnr. LT Fourie)
MODERATOR:	Mnr. HF Coetzee
TYD:	90 minute
PUNTE:	40
DATUM	8 JUNIE 2015

Gr. 7 LSW

AFDELING A: LEESBEGRIP:

Vraag 1:

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord die vrae volgens die instruksies by elke vraag.

Hoop vir die ashoop-mense

1. 'n Blink toekoms wag op die inwoners van Vaalkoppies.
2. Hier waar inwoners moet "skarrel" vir enigiets wat blink - blikkies, bottels, glas - wat aan die einde van die week so R60 in hul sak kan beteken.
3. Hier waar mense aartappel- en wortelskille vir aandete geniet, "want dié kos was nog nooit kwaad vir ons nie."
4. By Vaalkoppies, 'n ashoop tien minute se ry uit die dorp, woon sowat 15 inwoners dag en nag in 'n stank wat jou maag laat draai. Maar om in die dorp te gaan bedel, gaan hulle nie doen nie. Daarvoor het hulle hul trots.
5. Hul pad uit die rommel word nou gebaan deur 'n Kapenaar, me. Edna Titus van die nie-regeringsorganisasie Breadline Africa. Vroeër vandeeweek het Breadline Africa twee vraghouers aan inwoners geskenk.
6. Een vraghouer gaan omskep word in 'n sopkombuis. Die ander vraghouer gaan 'n klaskamer word waar kinders kan leer en speel in 'n veilige omgewing.
7. "Ons wil die gemeenskap bemagtig, sodat hulle nie vir ewig op die ashoop in onhigiëniese omstandighede bly nie. Ons wil graag 'n verskil maak, sê Titus.
8. Benewens die vraghouers, wat by die Thusong-dienssentrum opgerig is, is 'n watertenk aan die inwoners geskenk. Dit is 'n paar meter van die afvalhoop opgerig. Die munisipaliteit lewer elke tweede dag skoon water af.
9. Me. Marlene Hendricks van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling sê hulle is in 'n proses om werksinkels vir die mense te skep. Kursusse in lapverf en messelwerk word in die vooruitsig gestel.
10. "Aan die einde van die dag wil ons hê die inwoners moet op die dorp gaan woon en nie hier op die ashoop bly nie. Al die inisiatiewe wat die afgelope tyd by Vaalkoppies ingestel is, is om hul lewens te verbeter" sê Hendricks.

- | | | |
|------|---|-----|
| 1.1 | Wat hou die woord “Hoop” in die titel in? | (1) |
| 1.2 | Sê in jou eie woorde hoekom hierdie mense “ashoop-mense” genoem word? | (1) |
| 1.3 | Wat doen die ashoop-mense om ongeveer R60 per week te verdien? Kies die regte antwoord: | (1) |
| | a) Hulle skarrel vir enigiets wat blink. | |
| | b) Hulle samel afvalgoedere in wat hulle verkoop. | |
| 1.4 | Wat word bedoel met die volgende woorde?
“Daarvoor het hulle hul trots.”(paragraaf 4) | (1) |
| 1.5 | Op watter twee maniere gaan die vraghouers die lewensomstandighede van die ashoop-mense verbeter? (volgens paragraaf 6) | (2) |
| 1.6 | Wat is die uiteindelijke doel met die maatskaplike ontwikkeling van die ashoop-mense? (volgens paragraaf 10) | (1) |
| 1.7 | Wat doen die mense as hulle “skarrel”(paragraaf 2) | (1) |
| 1.8 | Watter woord in paragraaf 7 beteken min of meer dieselfde as:
“om jouself te help” | (1) |
| 1.9 | Wat is die figuurlike betekenis van die woord “blink” in paragraaf 1? | (1) |
| 1.10 | Wat is die letterlike betekenis van die woord “blink” in paragraaf 2? | (1) |
| 1.11 | Verduidelik die betekenis van die afkorting “Me.” In paragraaf 9 | (1) |
| 1.12 | Gee ‘n woordgroep wat dieselfde beteken as “lewens te verbeter” in paragraaf 10 | (1) |
| 1.13 | Wat beteken die volgende woorde in paragraaf 5:
“Hul pad uit die rommel word nou gebaan deur...” | (2) |

Totaal Vraag 1 : [15]

Trek nou ‘n streep onder die vraag

AFDELING B: TAAL IN KONTEKS:

Vraag 2:

Bestudeer die onderstaande koerantopskrif en beantwoord die vrae.

Ashope – plekke van baklei ... te oorleef

- Skryf die verkleinwoord van “ashope” neer. (1)
- Vul die ontbrekende woord in die koerantopskrif in.(in die plek van die stippels) (1)
- Herskryf die opskrif as ‘n volsin, met ‘n woord in die plek van die aandagstreep, en gee dit ‘n gepaste leesteken aan die einde. (1)
- Gee die regte vorm van “baklei” in die volgende sin: “Staak nou julle (baklei)!” (1)
- Voltooi die onderstreepte woord en skryf dit neer:
As jy moet baklei om te oorleef, voer jy ‘n oorlewings... (1)

Totaal Vraag 2 : (5)

Vraag 3:

Bestudeer die verklaring van die woord “kaggel” soos dit in die *HAT* voorkom en beantwoord die vrae.

kag'gel s.nw. (-s) **1** Oop vuurherd in 'n kamer vir verwarming: *Voor 'n brandende kaggel sit.* **2** Verwarmingstoestel, stoof met geslote vuur, gewoonlik van yster: *Die kaggel brand, trek goed. Mieliestronke vir 'n kaggel brand.* **kaggel:** -**deur**, -**fabriek**, -**oond**, -**rook**, -**rooster**, -**skerm**, -**skoorsteen**, -**stel**, -**teël**

Soek jou antwoorde in die uittreksel hierbo.

1. Skryf slegs die lettergreep neer wat die klem dra. (1)
2. Gee 'n sinoniem vir “kaggel”. (1)
3. Skryf die meervoud vir “kaggel” neer. (1)
4. Vul die ontbrekende woord in:
Dit is noodsaaklik dat 'n kaggel met 'n ... toegerus is. (1)
5. Skryf die kern uit die samestelling “kaggelfabriek” neer. (1)

Totaal Vraag 3 : [5]

Vraag 4:

Lees die onderstaande tekste noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.

Februarie, die maand van liefde, is 'n goeie tyd vir (romans/romanse).

1. Kies die korrekte woord tussen hakies en skryf dit neer. Maak 'n verklarende sin met die oorblywende woord. (2)
Wees goedversorgd indien jy (alleenlopend/enkellopend) is.
2. Kies die korrekte woord tussen hakies en skryf dit neer. (1)
Doen iets werklik spesiaals vir jou familie.
3. Skryf die bogenoemde sin in die lydende vorm. (1)
Sit tyd en energie opsy om jouself te bemark.
4. Maak die bogenoemde sin ontkenkend deur van die dubbele nie (nie ... nie) gebruik te maak. Begin jou sin met: Moenie... (1)

Totaal Vraag 4 : [5]

AFDELING C: KRITIESE REAKSIE OP 'N LITERÊRE TEKS:**Vraag 5:**

[10]

Lees die gedig op die volgende bladsy (bl. 4) noukeurig deur en beantwoord die vrae volgens die instruksies by elke vraag.

1. Verduidelik wat 'n rondloper is. (1)
2. Verduidelik die rondloper se manier van loop soos beskryf in reël 4. (1)
3. Gee 'n rede hoekom “stap” in reël 6 herhaal word. (1)
4. Benoem die beeldspraak in reël 12. (1)
5. Gee 'n bewys dat die rondloper lief is vir diere.(kyk na reël 15/16) (1)
6. Watter woord uit reël 14 beteken dat die rondloper ongemerk of geheimsinnig beweeg? (1)

7. Gee die betekenis van reël 18 in jou eie woorde. (1)
8. Bestudeer reël 21 – 22 en gee 'n meer bekende woord vir “rondloper”. (dink aan mense wat al hulle besittings by hulle dra en sommer slaap op 'n stoep, sypaadjie of waar hulle plek kry) (1)
9. Gee 'n aanvaarbare rede vir die gebruik van die aandagstrepe in reël 18. (1)
10. Hoekom, dink jy, beland mense op straat? Verduidelik jou siening. (1)

Rondloper

N. P. van Wyk Louw

1 Hy's klein en skraal en baie moeg,
2 sy klere vaal en muf van stof,
3 want heel die warm dag het hy
4 die paaie, paaie langs geslof.
5 Sy skouers buie bietjie oor
6 van stap en stap in reën en wind,
7 sy hande is gebars en swart
8 maar klein en skraal soos van 'n kind.
9 Nou stap hy na die waterput
10 waar donkies en kalwers drink
11 en in die modderwatertjies
12 die eende kwetter en rinkink;
13 nog skaam'rig vir die agterplaas
14 sluip-sluip hy na die putjie heen,

15 maar voor hy skep, laat drink hy eers
16 die kalwers, tot die laaste een.
17 Rondloper noem die mense hom
18 en deugniet – tot sy pa en ma –,
19 sit soms die honde agter hom
20 as hy weer by die plaas kom pla.
21 Snags slaap hy sommer in 'n sloot
22 of agter in 'n ghoeniebos,
23 en as die veldkos skaarser word,
24 kom vra hy soms 'n bietjie kos.
25 Die vrou loer oor die agterdeur,
26 die kinders kom so stil en kyk,
27 want hy't die oë van 'n kind
28 wat nou eers na die dinge kyk.
(Uit: *Alleenspraak*, Tafelberg, 1935)

TOTAAL : 40